# DIE LOOP VAN DIE DINGE

Daar kom geleidelik meer helderheid oor die waarskynlike toekomstige ontwikkelingsbeleid ten opsigte van die vryheidstrewe van nie-blanke bevolkin-

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

Wat Suid-Afrika betref, het die nuwe Eerste Minister nou reeds voldoende aangedui dat hy teenoor hierdie strewe nie onsimpatiek staan nie, maar dat hy in Suid-Afrika 'n geleidelike proses van eiesoortige ontwikkeling verkies onder oppergesag van Blank Suid-Afrika, mettertyd in 'n Suid-Afrikaanse Republiek in nasionaal-politieke aanvoeling verenig.

op die gesaamlike daarstelling van die sentrale Regeringsgesag, asook op die selfstandigheid van hierdie gesag, waarin Frankryk en die Franse Uitvoerende gesag sal oorheers, as op die gebiedsoutonomie van die Franse kolo-

niale gebiede en die groepsoutonomie in Algerië as deel van Frankryk.

Besonder opmerklik in hierdie verband is ook die jongste uitlatinge van die Britse Premier, naamlik dat vryheid verder aan die koloniale bevolkng vergun sal word, namate hulle daarvoor ryp gemaak kan word, dat sommige van hulle dit vir afsienbare tyd nog nie sal kan verkry nie en dat sekere fortgebiede in Noordelike Afrika en die Ooste behou sal moet word vir Brittanje en die Weste, en, ironies genoeg, dat in hierdie opsig die lot van die Nederlandse gesag in die Ooste nie herhaal mag word nie.

Verder word die patroon van die wêreld-politiek nog oorheers deur die bewapeningstryd tussen die Ooste en die Weste, deur die druk tot voortgaande emansipasie van die gekleurde bevolking (wat Suid-Afrika se hervatte deelname aan die Verenigde Nasies baie prekêr maak), en deur die steeds verskuiwende verswakking van die Westerse omsingelingsfront deur die Wêreld-Kommunisme.

Wat die laaste betref, is die rus nog nouliks voorlopig herstel in die Midde-Ooste, terwyl die Verre Ooste nog wag op voortsetting van die tydelike wapenstilstand ten opsigte van die Formosa-eilande teenoor die Chinese kus.

Intussen het al weer 'n versterking van die Mohammedaanse diktatuur in Pakistan plaasgevind, terwyl Egipte nog voortgaan om sy posisie in die Wes-Mohammedaanse wêreld te verstewig.

Die vervanging van die Roomse Pous weens die dood van Pius XII kan net vermeld word, asook die tweede poging van Amerika om die maan te bereik.

Suid-Afrika het hierdie maand gekonsentreer op historiese feestelikhede, die begin van politieke kongresse en 'n besondere droogtedruk.

Maar die alleroorheersende feit die nou reeds taamlik versekerde vooruitsig dat De Gaulle, deur die opruiming van die verlammende Franse parlementêre partyverbrokkeling in die regering, Frankryk weer 'n mag sal maak in Europa, wat met of sonder samewerking met Duitsland, Wes-Europa weer 'n selfstandige rol kan laat speel ten opsigte van die wêreld-politiek in die algemeen en Afrika in besonder.

Of die Franse beleid in Afrika sal slaag, staan nog te besien, maar dit is duidelik dat vir ons in Suid-Afrika die Franse patroon nie as voorbeeld kan dien nie. Want Frankryk kan formeel aan al sy burgers, blank en nie-blank die stemreg gee, en tog nog 'n Franse oppergesag handhaaf, vanweë bevolkings- en geografiese verhoudinge, en ons nie.

Vir ons lê die weg in 'n ander rigting, nl. allereers in die politieke vereniging van Afrikaners en „South Africans", en dan in die nasionale ontwikkeling en selfstandigmaking van „Africans", op so 'n wyse dat ons veilig met mekaar kan saamleef.

M.a.w. Boer en Brit moet in Suid-Afrika die hande saamslaan om die weg te kan wys aan die Bantoe en die res van die gekleurdes.

Mag dit op een of ander manier daartoe kom. Ons weg daarheen skyn gesond te wees, hoewel die tempo bespoedig kan word.

L. J. DU PLESSIS.